

REËLS VIR ONDERRIG, LEER EN ASSESSERING AAN DIE NWU

(Goedgekeur deur die NWU-Senaat op 1 Maart 2023)

Aanhef

AANGESIEN die Senaat verantwoordelik is vir die regulering van alle onderrig-, leer- en navorsingsfunksies, asook vir die akademiese ondersteuningsfunksies van die Universiteit en vir die bepaling van beleid en reëls rakende alle akademiese aangeleenthede; en

NADAT die betrokke akademiese en ondersteuningstrukture van die Universiteit geraadpleeg is oor die gewenste wyse waarop onderrig, leer en assessering en verbandhoudende aangeleenthede gereguleer moet word; en

MET INAGNEMING VAN die bepalings van die Wet op Hoër Onderwys (101 van 1997), die Hoëronderwys-kwalifikasiesubraamwerk (HOKSR) (RHO; 2014) en die Statuut van die Noordwes-Universiteit (NWU);

LÊ DIE SENAAT HIERDIE REËLS NEER met die oog op die effektiewe en ordelike verloop van die onderrig-, leer- en assesseringsprosedures en -prosesse van die Universiteit.

Na goedkeuring deur die Senaat op hul vergadering op 1 Maart 2023 word hierdie reëls van krag.

Hierdie Reëls moet gelees word in samehang met die NWU se Onderrig-, Leer- en Assesseringsbeleid.

Die Glossarium van Onderrig-Leer-verwante Akronieme, Konsepte en Benamings wat deel uitmaak van die Algemene Akademiese Reëls, dien as 'n Riglyn vir die Onderrig-, Leer- en Assesseringsreëls (OLA-reëls).

1 Reëls met betrekking tot studente akademiese toegang, ontwikkeling, retensie en sukses

1.1 Studente Akademiese Toegang, Retensie, Verwerwing en Sukses verg 'n groter mate van responsiwiteit:

- 1.1.1 in hoe daar voorsiening gemaak word vir maatskaplike geregtigheid en gelyke geleentheid, wat insluit maar nie beperk is nie tot toelatingsvereistes, akademiese inhoud, assesseringsbenaderings en -metodes, afleweringmodusse, studente akademiese ontwikkeling en ondersteuningsgeleentheid, en nie-akademiese ondersteuning aan studente.
- 1.1.2 in kurrikulum- en kulturele terme, wat kurrikulumverandering verg in reaksie op maatskaplike imperatiewe en 'n siening van kurrikulum wat kapitaliseer op studente se uiteenlopende kulturele en maatskaplike agtergronde.
- 1.1.3 om groter samewerking en vennootskappe tussen alle belanghebbers en rolspelers teweeg te bring ten einde funksionele interafhanklikheid tot stand te bring.
- 1.1.4 m.b.t. bevoegdheidsgebaseerde pedagogiese praktyke wat klem lê op die bevordering van buigsame leer en denke, selfgerigte en lewenslange leer, plaaslike en globale kennis, diverse leergeleentheid en assesseringskriteria om akademiese sukses van 'n diverse studentekorps te bevorder.

1.2 Akademiese toegang word moontlik gemaak deur:

- 1.2.1 'n universiteitsomgewing wat maatskaplike geregtigheid en die bevordering van toegang nastreef; wat die doelstellings van die Wet op Hoër Onderwys (101/1997) bevorder en wat strook met nasionale direkteiwes met betrekking tot die bevordering van toegang tot hoër onderwys en optimale geleentheid vir leer.

- 1.2.2 geleenthede ondersteun deur strategies beplande sistematiese akademiese intervensies en gesteierde ondersteuning soos benodig deur spesifieke individue en/of groepe studente, insluitende studente met gestremdhede.
- 1.2.3 samewerking van onderrig-leer-ondersteuningsdepartemente met fakulteite in grondslag- en uitgebreide programvoorsiening en toepaslike Erkenning van Vorige Leer-praktyke (EVL-praktyke) en -prosedures.
- 1.2.4 werk in vennootskap met die hoërondwyssektor, gemeenskappe, en die industrie ter uitbreiding van die reeks kwalifikasietipes, afleweringmodusse, en ander leergeleenthede wat deur die Universiteit aangebied word, maar binne die Universiteit se beskikbare kapasiteit om die gehalte van onderrig en van studente-ondersteuning te handhaaf.
- 1.2.5 die inbed van buigsame leer, vervlegte leer en toepaslike aanlyn voorsiening in spesifieke akademiese aanbiedinge.

1.3 Retensie word moontlik gemaak deur:

- 1.3.1 instansiewye verbintenis tot, en gedeelde verantwoordelikheid vir, studenteretensie, insluiting, en studente se gevoel van tuiswees deur 'n sorgsaamheidsetiek.
- 1.3.2 vroeë en tydige samewerking tussen verskillende groepe/departemente wat verantwoordelik is vir die eerstejaars se verwelkomings- en induksieprogram.
- 1.3.3 die inbed van gelykheid en diversiteit binne akademiese ontwikkelings- en ondersteuningsdienste om studentedeelname te verhoog en retensie te bevorder, met 'n verbintenis van die studente self om te streef na akademiese sukses en om te vra vir ondersteuning, soos nodig.
- 1.3.4 die verskaffing van omvattende ewekniegesteunde en professionele ondersteuningstelsels (individueel, groep, gemeenskappe, akademies en nieakademies) vir studente om 'n gevoel van tuiswees te koester, betrokkenheid te bevorder, en akademiese sukses uit te bou.
- 1.3.5 ontwikkelings-opvoedkundige geleenthede en ondersteuning wat gebruik maak van studente se verskillende lewenservaringe, hul belangstellings en agtergronde om studente volledig by die leerproses te betrek ten einde die oordrag van leer oor werklikewêreldkontekste heen te bevorder.
- 1.3.6 die implementering van 'n reeks praktyke ter ondersteuning van retensie binne alle dissiplines, insluitende ondersteunende leeromgewings waar studente toegelaat word om houdings of praktyke uit te daag wat deelname ondermyn en retensie negatief beïnvloed.

1.4 Verwerwing word moontlik gemaak deur 'n toepaslike mengsel van die volgende aksies:

- 1.4.1 sistematiese vaslegging, ontleding en deel van geloofwaardige en betroubare retensie- en verwerwingsdata regoor die Universiteit en die implementering van akademiese en ondersteuningsintervensies soos nodig, op 'n tydige en toeganklike wyse op program-, skool- en fakulteitsvlak.
- 1.4.2 'n bewys- en data-geleide benadering tot studentevordering en akademiese sukses wat gebruik word om onderrig, studentesukses, die studente-ervaring, differensiële sukseskoerse, ens. te verbeter.
- 1.4.3 gebruik van die uitkomst van die Studente Onderrig- en Leerervaringopname ter hersiening van die samestelling van akademiese programme, die inhoud en aanbieding van modules, die toepaslikheid van die onderrig-leeromgewing, epistemiese toegang, verbetering van pedagogie, en die gehalte en verskeidenheid van ondersteuning wat beskikbaar is aan studente om hul akademiese sukses te bevorder.
- 1.4.4 om hoë verwagtinge van alle studente te hê en te fasiliteer, en om studente aan te moedig om hoë verwagtinge van hulself te hê.
- 1.4.5 die bevordering van 'n gevoel van tuiswees by studente sodat hul blootstelling aan leer en onderrig op alle terreine en afleweringmodusse as positief ervaar word en hul sukses moontlik maak.
- 1.4.6 die erkenning dat studente op verskillende maniere leer en dat onderrig- (hetsy aanlyn, in die klas, met 'n HyFlex- of vervlegte benadering, of afstand) en leer-ondersteuning wat op 'n reeks studentevoorkeure ingestel is, verwerwing kan verbeter.

- 1.4.7 nakoming van die beginsels van kwaliteit in die ontwerp van toepaslike leerervarings.
- 1.4.8 die bevordering van ewekniegesteunde leer om te help bou aan studente se verwagtinge en selfvertroue.
- 1.4.9 die aanbied van bewusmakings- en ontwikkelingsgeleenthede vir personeel en studente om onbewuste en bewuste vooroordele te identifiseer en aan te spreek en om gelykheids- en diversiteitsbevoegdheid te ontwikkel.

1.5 Studenteretensie sal akademiese sukses bevorder deur studente die geleentheid te gee om:

- 1.5.1 progressief op akademiese en sosiale gebied in die universiteitsomgewing te integreer.
- 1.5.2 hul akademiese doelwitte suksesvol te bereik.
- 1.5.3 akademiese en nieakademiese uitdagings doeltreffend die hoof te bied, vanaf aanvanklike inskrywing tot graadverwerwing.
- 1.5.4 hul motivering en akademiese vermoëns by mekaar uit te bring.
- 1.5.5 hul kennis en bekwaamheid te verbeter, en dus ook hul indiensneembaarheid en hul vermoë om by te dra tot die skep van werkgeleenthede.

2 Kwalifikasie- en Akademieseprogrambeplanning, -ontwikkeling, -bestuur en -hersiening

2.1 Nuwekwalifikasie- en akademieseprogrambeplanning en -ontwikkeling

- 2.1.1 Die NWU se kwalifikasie- en akademieseprogramaanbod is lewensvatbaar, volhoubaar en relevant.
- 2.1.2 Kwalifikasie- en akademieseprogrambeplanning en -ontwikkeling is die gesamentlike verantwoordelikheid van 'n multidisiplinêre span bestaande uit akademiese leierskap, fakulteitsakademië, adviesrade, en onderrig- en leer-ondersteuningspersoneel.
- 2.1.3 Doeltreffende kwalifikasiebeplanning verg 'n diepgaande situasieanalise om die lewensvatbaarheid en relevansie van 'n nuwe aanbod te bepaal wat tot 'n fakulteitsgoedgekeurde interne kwalifikasiestandaard sal lei.
- 2.1.4 'n Akademiese program wat lei tot 'n kwalifikasie voldoen aan die goedgekeurde interne kwalifikasiestandaard.
- 2.1.5 'n Akademiese program bestaan uit toepaslik ontwerpte fundamentele en kern- verpligte en/of elektiewe leerkomponente (modules) wat die programkurrikulum uitmaak.
- 2.1.6 'n Programkurrikulum word beplan, ontwerp en ontwikkel volgens die beginsels van konstruktiewe belyning soos vervat in die NWU-kurrikulumraamwerk.
- 2.1.7 'n Fakulteitsraadgoedgekeurde nuwekwalifikasieaansoek en/of 'n nuweakademieseprogramkurrikulum word oorweeg en goedgekeur deur die Senaatskomitee vir Akademiese Standaarde (SKAS).
- 2.1.8 Die aanlyn SKAS-stelsel ondersteun die aansoek- en interne goedkeuringsproses.
- 2.1.9 Die Eenheid vir Kwalifikasie- en Akademieseprogrambeplanning (K&APB), bygestaan deur die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL), ondersteun fakulteite met die beplanning en ontwikkeling van nuwe kwalifikasies en akademiese programme soos per Fakulteitgeïntegreerde OL-planne (FGOLP).
- 2.1.10 Die K&APP beskik oor 'n mandaat om eksterne voldoening van die NWU se kwalifikasie- en akademieseprogramaanbod te verseker en tree op as kurator van die NWU se PKM.
- 2.1.11 Die Fakulteitsraad is verantwoordelik vir doeltreffende rekordhouding van sy kwalifikasies en akademieseprogram-verwante data.
- 2.1.12 Fakulteitsprogramadviesrade is verantwoordelik om oorkoepelend leiding te gee oor kurrikulumontwikkeling m.b.t. industriebehoefte en wetenskaplike stand van praktyk in die onderskeie vakgebiede.

2.2 Interne oorweging en goedkeuring van wysigings aan bestaande akademiese programme

- 2.2.1 Die voortgesette integriteit, responsiwiteit en gehalte van die NWU se akademieseprogramaanbod is bepalend vir alle besluite met betrekking tot die hersiening, wysiging, en goedkeuring van bestaande programme en modules deur die toepaslike interne prosesse en strukture.

- 2.2.2 Die hersiening en wysiging van 'n bestaande programkurrikulum is 'n gesamentlike poging wat sleutelrolspelers oor kampusse/fakulteite heen en OL-ondersteuning kan insluit.
- 2.2.3 Die hersiening en wysiging van 'n bestaande programkurrikulum behels 'n ketting van akademiese toesig en uiteindelik SKAS-goedkeuring.
- 2.2.4 Die aanlyn SKAS-stelsel ondersteun die aansoek en SKAS-goedkeuring van bestaande program- en modulewysigings.
- 2.2.5 Akademiese programme word op so 'n manier gestaak dat dit 'n positiewe studente-ervaring handhaaf en risiko vir die Universiteit se reputasie en bereiking van sy strategiese doelwitte bestuur.

2.3 Eksterne oorweging en goedkeuring van 'n kwalifikasie en akademiese program

- 2.3.1 Kwalifikasies en akademiese programme wat deel is van die NWU se PKM voldoen aan eksterne hoëronderwysbeleid, vereistes van beroepsdiggame indien relevant, en HEMIS-befondsingsvereistes.
- 2.3.2 Die DHOO gee goedkeuring vir kwalifikasies vir PKM-klarings- en -befondsingsdoeleindes.
- 2.3.3 Die RHO akkrediteer akademiese programme op advies van die HOKK.
- 2.3.4 'n Geakkrediteerde akademiese program word op die NKR geregistreer deur SAKO en kry 'n Leerprogram-ID voordat dit deur die Universiteit bemark of aangebied kan word.

2.4 Deurlopende kurrikulumtransformasie en hernuwing van bestaande akademieseprogramaanbod

- 2.4.1 Kurrikulumtransformasie en -hernuwing is 'n deurlopende proses wat van behoorlike hoëronderwys- en teikenmarknavorsing en responsiwiteit vir veranderende interne en eksterne belanghebbendebehoefte en -verwagtinge getuig (bv. Universiteitsverklaring oor die Dekolonisering van Universiteitsonderrig; NWU-OON-verklaring; NWU-mikro-kwalifikasies-raamwerk).
- 2.4.2 Kurrikulumvernuwing en transformasieprosesse verseker dat die algehele kurrikulum in lyn bly met die instelling se missie, visie en doelwitte en sy spesifieke konteks, en reageer op veranderinge in kennis, veral plaaslike kontekste en die verwagtinge van relevante belanghebbende.
- 2.4.3 'n Getransformeerde kurrikulum toon 'n kontekstuele balans tussen plaaslike, nasionale en globale samelewings-, ekonomiese en ontwikkelingskwessies.
- 2.4.4 Responsiwiteit ten opsigte van die dissiplinêre konteks en vereistes, industrie- en sosio-ekonomiese behoeftes, leerbehoefte van studenteteikenmarkte en werkgewers van graduandi, is sleutelemente wat kurrikulumtransformasie en -hernuwing ten grondslag lê.
- 2.4.5 Om te verander hoe iets onderrig of geleer word, is net soveel deel van die kurrikulumtransformasie as dit wat onderrig word.
- 2.4.6 Kurrikulumstrukture is toepaslik en buigsaam om geleenthede vir akademiese sukses van uiteenlopende studentebevolkings met uiteenlopende behoeftes te verbeter.
- 2.4.7 Programadviesrade dien as riglyn vir die assessering, evaluering en transformasie van die kurrikulum, om te voldoen aan huidige en toekomstige industriebehoefte ten opsigte van globale relevansie en die uitbou van industrieleierskap in wetenskaplike nougesetheid en praktyk.
- 2.4.8 Kurrikulumvernuwing impliseer 'n logiese koherensie en deurlopende konstruktiewe belyning van:
 - 2.4.8.1 die programdoelwit,
 - 2.4.8.2 die programuitkomst en geassosieerde assesseringskriteria,
 - 2.4.8.3 die gekose leerkomponente (kern-, fundamentele en keusemodules) van die kurrikulum,
 - 2.4.8.4 die leeruitkomst en geselekteerde inhoud van elke module,
 - 2.4.8.5 doeltreffende onderrig- en leerstrategieë,
 - 2.4.8.6 toepaslike onderrig- en leeraktiwiteite, en
 - 2.4.8.7 beskikbare en toepaslike onderrig- en leerhulpbronne ter ondersteuning van studenteverwerwing.
- 2.4.9 Elke module moet 'n studiegids hê met logies georganiseerde studie-eenhede, leeruitkomst, assesseringskriteria en leeraktiwiteite. In gevalle waar die studiegids in 'n module-eFundi-webwerf geïntegreer is, is die minimum vereiste ten opsigte van 'n beskikbare studiegids die Module-oorsigdokument (MOD)

2.5 Kredietakkumulاسie en -oordrag (KAO)

Ooreenkomstig die 2021 hersiene Nasionale Beleid en Kriteria vir KAO:

- 2.5.1 word daar erken dat KOA gebaseer is op streng beginsels, wat hieronder uiteengesit is, wat die KOA-verwante werk van alle Skole en Fakulteite moet rig:
 - 2.5.1.1 Deursigtigheid: Reëls, regulasies en enige register van presedente wat besluite wat met betrekking tot KAO geneem word inlig, beïnvloed of beheer, moet geldig, regverdig, betroubaar, deursigtig en publiek beskikbaar wees, en moet aan aansoekers bekend gemaak word voor registrasie.
 - 2.5.1.2 Artikulasie deur ontwerp: Moontlikhede vir artikulasiepaaie, insluitend binne en tussen die NKR-subraamwerke, en tussen die NKR-subraamwerke en die wêreld van werk, moet ingesluit word in die ontwerp en doeleindes van nuwe kwalifikasies.
 - 2.5.1.3 Toegang tot kredietakkumulاسie, die erkenning van krediet, en kredietoordrag: die erkenning van krediet in 'n KAO-proses mag slegs oorweeg word vir krediete wat voorheen toegeken is vir 'n formele kwalifikasie of deelkwalifikasie wat op die NKR geregistreer is en deur 'n erkende verskaffer in Suid-Afrika aangebied word, en die maksimum persentasie krediete wat erken en oorgedra sal word na 'n kwalifikasie of deelkwalifikasie word uiteengesit in die Algemene Akademiese Reëls 1.7, 2.2, 3.2, 4.5 en 5.5
- 2.5.2 In die KAO-erkenningsevalueringproses:
 - 2.5.2.1 moet die vergelykende kartering 'n minimum van 80% oorvleueling aandui tussen die oorspronklike inhoud en uitkomst van die module/vak waarvoor krediete reeds toegeken is, en die NWU-module waarvoor KAO verlang word, of
 - 2.5.2.2 die betrokke vak-/module-inhoud en -uitkomst moet erken word deur 'n voorafbestaande interdepartementele/interinstusionele/inter-entiteitsooreenkoms wat voorsiening maak vir waar die nodige inhoud en uitkomst onderrig en geleer sal word, ongeag die persentasie inhoud, of
 - 2.5.2.3 waar die vergelykende kartering minder as 'n 80%-oorvleueling aandui en waar KAO steeds oorweeg word, moet die Skool verantwoordelik vir die kwalifikasie waarheen krediet oorgedra word, 'n formele dokument verskaf wat aandui hoe die leemtes in kennis en vaardighede vir die module hanteer sal word, waar die dokument deur 'n Skooldirekteur en die betrokke student onderteken is.
- 2.5.3 Gehaltevergelings gebaseer op geloofwaardige metodes moet:**
 - 2.5.3.1 voldoende vergelykende kartering moontlik maak, en is afhanklik van die beskikbaarheid van die nodige inligting oor die opgehoopde krediete – transkripsies alleen is onvoldoende;
 - 2.5.3.2 gebaseer wees op geloofwaardige metodes wat bepaal tot watter mate die kurrikuluminhoud en -uitkomst ooreenstem, soos gelei deur die NKR-vlakbeskrywers in kombinasie met die kwaliteitstandaarde wat deur die RHO ontwikkel en gepubliseer is;
 - 2.5.3.3 die mate van ooreenkoms tussen die inhoud en uitkomst waarvoor krediete reeds toegeken is, en dié in die kwalifikasie waarvoor krediete aangevra word, oorweeg om te verseker dat studente oor die nodige kennis en agtergronde beskik om suksesvol te wees in verdere leer; en
 - 2.5.3.4 voortbou op goeie praktyke wat in toepaslike gemeenskappe van praktyk in Fakulteite bestaan.
- 2.5.4 Waar die KAO-vergelingsproses oorvleuelings van minder as 80% vind tussen die inhoud en uitkomst waarvoor reeds krediete toegeken is, en die modules waarvoor KAO verlang word, kan die betrokke Skool:
 - 2.5.4.1 kies om geen opgehoopde krediet te erken nie, en moet die Skool advies en leiding verskaf oor ander leermoontlikhede vir die kandidaat, of
 - 2.5.4.2 'n Erkenning van Vorige Leer (EVL)-proses onderneem om die informele en nie-formele kennis en vaardighede van die aansoeker te assesser wat die leemte kan vul, en
 - 2.5.4.3 kan van die student verwag om aanvullende werk te doen voordat krediete erken word. Indien laasgenoemde van toepassing is, moet die betrokke Skool aanvullende werk ontwerp vir die kandidaat om te doen ten einde erkenning van die verlangde krediete te verkry; en moet die aanvullende werk ter wille van konsekwentheid en deursigtigheid in 'n formele dokument beskryf word.

- 2.5.5 Krediet binne die konteks van die NKR moet die volume en vlak van leer wat binne die konteks van 'n kwalifikasie vereis word meet. Krediet moet gekwantifiseer word as die aantal veronderstelde studieure wat benodig word vir die bereiking van die leeruitkomste van 'n kwalifikasie op 'n spesifieke NKR-vlak soos beskryf in die NKR-vlakbeskrywers. Een krediet moet gelyk wees aan tien (10) veronderstelde leerure.
- 2.5.6 Kortkursusse en ander studies vir nie-formele doeleindes mag nie in KAO-prosesse gebruik word nie, maar kan lei tot bewyse wat kan deel uitmaak van 'n EVL-proses wat onderneem word in ooreenstemming met SAKO se beleid vir die implementering van EVL, wanneer werk gemaak word van die leemte(s) wat in die KAO-proses geïdentifiseer is.

2.6 Erkenning van Vorige Leer (EVL)

In ooreenstemming met die 2019 gewysigde Nasionale Beleid en Kriteria vir die Implementering van Erkenning van Vorige Leer:

- 2.6.1 verwys EVL na die beginsels en prosesse waardeur die vooraf bestaande kennis en vaardighede van 'n persoon sigbaar gemaak word, gemedieer word en nougeset geassesseer en gemodereer word vir die doel van alternatiewe toegang en toelating, erkenning en sertifisering, of verdere leer en ontwikkeling.
- 2.6.2 EVL moet op 'n geldige, betroubare, deursigtige en billike manier gedoen word.
- 2.6.3 EVL-besluite moet statutêre vereistes en standaardkeuringskriteria in ag neem in die geval van professionele kwalifikasies.
- 2.6.4 EVL kan gebruik word om toegang tot 'n kwalifikasie te verleen, of vir doeleindes van gevorderde status of om 'n kandidaat vry te stel van (n) module(s) van 'n bepaalde akademiese program op grond van die uitkomste van die module(s) wat behaal is soos blyk uit die EVL-portefeulje wat deur die kandidaat ingedien is en deur die paneel van akademiese kundiges in die betrokke Fakulteit geëvalueer is.
- 2.6.5 Waar gevorderde status of vrystelling van modules toegeken word, moet dit gebaseer wees op die geassesseerde bewyse van die kennis en vaardighede wat deur informele en nie-formele leer verwerf is.
- 2.6.6 Volle kwalifikasies op die HOKSR kan nie slegs op grond van EVL toegeken word nie. Vrystelling op grond van EVL moet beperk word tot hoogstens 50% van die modulekrediete van die betrokke akademiese program. Dit beteken dat geen student vrygestel kan word van meer as 50% van die modulekrediete wat vereis word vir enige bepaalde hoërondewyskwalifikasie nie.
- 2.6.7 'n Student wat op grond van EVL vrystelling kry van sommige modules in 'n program kan die kwalifikasie voltooi met 'n totale aantal krediete wat minder is as wat normaalweg vir die betrokke kwalifikasie vereis word. Dit sal nie op die kwalifikasiesertifikaat van die student aangedui word nie aangesien die student ten tyde van graduering bevoeg geag is in al die vereiste uitkomste van die betrokke kwalifikasie.
- 2.6.8 In sekere akademiese programme (bv. in die gesondheidsberoep) sal vorige leer wat gedurende die vyf jaar voor die aansoek verwerf is, in ag geneem word. So 'n reël sal in 'n Fakulteitsjaarboek en die inligting oor die betrokke akademiese program gespesifiseer word.
- 2.6.9 Hoogstens 10% van enige kohort studente in enige akademiese program mag via 'n EVL-proses toegelaat word.
- 2.6.10 Die Fakulteit moet toesien dat gehalteversekeringsprosesse m.b.t. die besonderhede van die EVL-proses (insluitende aansoeke, EVL-kriteria en -assessering, verslagdoening- en bestuurstelsels) geïmplementeer word; en dat administratiewe en ondersteuningstelsels, sowel vóór as ná EVL-assessering, in plek is.

2.7 Beplanning vir en ontwerp van Werkgeïntegreerde Leer

- 2.7.1 Die NWU erken Werkgeïntegreerde Leer (WGL) as doelgerigte, georganiseerde en geassesseerde opvoedkundige aktiwiteite en ervaringe wat teoretiese leer met die toepassing daarvan in 'n werklike of gesimuleerde werkplekkonteks integreer.
- 2.7.2 WGL kan 'n verpligte komponent van spesifieke akademiese programme wees, gewoonlik waar 'n statutêre liggaam sodanige vereiste stel.
- 2.7.3 Die uniekheid van elke studierigting en gedifferensieerde WGL-vereistes van professionele benamings waar van toepassing binne elke fakulteit noodsaak fakulteite om WGL-benaderings en -praktyke toepaslik vir die konteks te aanvaar.
- 2.7.4 WGL-aktiwiteite moet akademiese en werkplekpraktyke bely tot voordeel van studente en werkplekke.
- 2.7.5 WGL word geïntegreer in geselekteerde modules aangewys vir sodanige doel en moet kredietdraend en geassesseer wees. Dit is ook 'n stelselvereiste om verenigbaarheid en belyning met die Werkgeïntegreerde Diensleer (WGDL)-stelsel te verseker tydens die integrasie van WGL-aktiwiteite op die stelsel.
- 2.7.6 WGL het ten doel om: a) die uitnemendheid en doenlikheid van die student se leerervaring, b) die burgerlike verantwoordelikheid van studente, en c) die beroepsvaardighede en dus ook die werkplekgereedheid en indiensneembaarheid van graduandi te verbeter.
- 2.7.7 Fakulteite moet van die gesentraliseerde WGDL-stelsel gebruik maak om hul studenteplasings te bestuur. Alhoewel die stelsel deur 'n sentrale kantoor in die SOL bestuur word, bly WGL-modules en die gepaardgaande aktiwiteite wat nodig is om studente en plasingsdata in die WGDL te registreer, by Fakulteite.
- 2.7.8 Die gebruik van die WGDL-stelsel het ten doel om die uitbreiding en formalisering van WGL en DL binne die NWU te fasiliteer, wat verbeterde en meer doeltreffende databestuur en verslagdoening bied.
- 2.7.9 Die kurrikulering, aflewering, en assessering van WGL en DL is hoofsaaklik 'n fakulteitskwessie en word binne die onderskeie Skole geoperasionaliseer. Die koördinering van plasings bly steeds 'n Fakulteitsverantwoordelikheid.
- 2.7.10 Instansiewye koördinering van die WGDL-stelsel, WGDL-gebruiksopleiding, stelselondersteuning, stelselontwerp en instandhouding is funksies wat deur die gesentraliseerde WGDL-kantoor in samewerking met IT bestuur word.
- 2.7.11 WGL-modules en -uitkomste, sowel as plasingsvoorwaardes, moet, waar van toepassing, ooreenstem met die relevante statutêre vereistes of professionele liggaam se vereistes.

2.8 Beplanning vir en ontwerp van Diensleer.

- 2.8.1 Diensleer (DL) – hoewel vrywillig van aard – is 'n belangrike onderrig- en leermetode wat gemik is op die bevordering van maatskaplike verandering terwyl studente voorberei word vir toekomstige burgerskap deur werklike leerervaringe in gemeenskappe.
- 2.8.2 DL as 'n onderrig-leer-metode is 'n samewerkende proses wat personeel, studente en gemeenskapsvennote in georganiseerde, volhoubare en wedersyds voordelige leerervaringe byeenbring en wat daartoe lei dat daar werk gemaak word van geïdentifiseerde en ooreengekome gemeenskapsbehoefte.
- 2.8.3 Waar aansienlike oorvleueling tussen die uitkomste van diensleeraktiwiteite en formele modules van 'n akademiese program geïdentifiseer word, word van fakulteite verwag om DL-aktiwiteite op 'n geïntegreerde wyse in die uitkomste van die betrokke module(s) te formaliseer. Fakulteite moet dit op die mees toepaslike wyse doen wat bevorderlik is vir hul verskillende kontekste.
- 2.8.4 Waar DL geformaliseer is, moet DL-geleenthede geïntegreer word in geselekteerde modules wat vir so 'n doel ontwerp is, maar modulekrediete word altyd gekoppel aan die demonstrasie van kennis, vaardigheid en/of bevoegdheid wat opgedoen word deur die lewering van betekenisvolle diens aan die gemeenskap, en nie vir die lewering van die diens alleenlik nie.

- 2.8.5 DL sluit in kritiese besinning oor die diensaktiwiteit ten einde 'n beter begrip te verkry van die module-inhoud, asook groter waardering vir die dissipline, en 'n verhoogde gevoel van maatskaplike verantwoordelikheid teenoor die samelewing as geheel. Diensleer is dus gerig op die bevordering van die burgerlike verantwoordelikheid van studente binne die konteks van die kurrikulum.
- 2.8.6 Diensleeraktiwiteite word ondersteun deur die Kantoor vir Volhoubaarheid en Gemeenskapsimpak, maar die eienaarskap en akademiese toesig daarvoor bly by die Fakulteite.

3 Professionele ontwikkeling van universiteitsonderrig

3.1 Professionele ontwikkeling van universiteitsonderrig

- 3.1.1 Die NWU verbind tot die deurlopende investering in en voortdurende professionele ontwikkeling van onderrigbevoegdheid van sy akademië, op 'n wyse wat strook met die missie en strategiese rigtings van die Universiteit, en die unieke ontwikkelingsbehoefte van werknemers in hul onderskeie loopbaanfasies.
- 3.1.2 Hoewel die beginsel van akademiese vryheid bevestig word, word daar van akademië verwag om by te dra tot deurlopende transformasie van die Universiteit deur 'n wetenskaplike benadering tot universiteitsonderrig wat geleenthede bied vir doeltreffende studenteleer.
- 3.1.3 Die NWU verstaan dat onderrig van hoë gehalte sterk pedagogie verg (prioritiseer ontwikkeling van pedagogiese inhoudskennis soos nodig), gegrondves in 'n diepgaande begrip van 'n dissipline. Professionele ontwikkeling van universiteitsonderrig, insluitend mentorskap vir opkomende akademië, is dus 'n geïntegreerde en gesamentlike poging tussen fakulteit en ondersteuningsdepartemente, en 'n gedeelde verantwoordelikheid om ontwikkelingsdoelwitte te behaal.
- 3.1.4 Ontwikkelingsaktiwiteite vir personeel word saam met lynbestuurders beplan as deel van die jaarlikse persoonlike ontwikkelingsplan (POP) en die doeltreffendheid van die vaardighede wat deur hierdie inisiatiewe aangeleer word, word as deel van die personeel se jaarlikse prestasieplan beoordeel.
- 3.1.5 Die Universiteit streef daarna om te verseker dat alle akademiese personeel toegang het tot toepaslike en gelyke voortgesette leergeleenthede in ooreenstemming met die Universiteit se beleid insake gelyke geleenthede.

3.2 Induksie van akademiese personeel

- 3.2.1 Die induksiefase is die eerste fase van professionele ontwikkeling. 'n Akademiese induksieprogram is 'n aktiwiteit wat gemik is op die verbetering van die bekwaamheid van akademië as dosente as deel van hul professionele ontwikkeling en personeelretensie.
- 3.2.2 Die induksieprogram word aangebied in vennootskap met fakulteite, SOL en ander belanghebbers.
- 3.2.3 Die struktuur van 'n induksieprogram akkommodeer verskillende toetreevlakke vir nuut aangestelde dosente en neem die vorige ervaring van 'n dosent in ag.
- 3.2.4 Nuut aangestelde akademiese personeel voltooi die induksieprogram binne die minimum proeftydperk.
- 3.2.5 'n Induksieprogram is bevoegdheidsgebaseerd.
- 3.2.6 Die akademiese induksieprogram modelleer die vervlegte onderrig-leer-benadering van die NWU soos uiteengesit in die O&L-strategie.

3.3 Belonings en erkenning vir akademiese personeel in onderrig

- 3.3.1 Belonings en erkenning vir akademiese personeel se onderrigpogings gee erkenning aan uitnemendheid en innovasie in onderrig en leer.
- 3.3.2 As 'n integrale deel van bevorderingsbesluite motiveer belonings en erkenning akademië om voort te gaan om vakkundigheid op die gebied van onderrig en leer te ontwikkel en te bevorder.
- 3.3.3 Belonings en erkenning dien as aansporing vir dosente om goeie onderrigpraktyk voort te sit, hul eweknieë te motiveer om hul onderrig te verbeter, en waardering te toon aan dosente vir hul toewyding aan en verbintenis tot studentesukses.
- 3.3.4 Onderriggenootskapgeleenthede is beskikbaar en dra by tot loopbaanprogressie en -bevordering, en verbetering van die prestige van akademië as universiteitsleerkrigte.

3.4 Studenteterugvoer oor die onderrig- en leerervaring

- 3.4.1 Aan die NWU word toepaslike, betroubare en konstruktiewe studenteterugvoer oor die kwaliteit van onderrig en leer in alle modules van akademiese programme verkry, ooreenkomstig reëlings wat Uitvoerende Dekane in die Fakulteite tref.
- 3.4.2 Fakulteitsbesture kan advies en ondersteuning van die Sentrum vir Onderrig en Leer inwin ten einde knelpunte m.b.t. die kwaliteit van onderrig en leer wat uit studenteterugvoer na vore kom, effektief die hoof te bied.

4 Assessering en moderering

4.1 Die doel van assessering aan die NWU is om:

- 4.1.1 Assesseringsgeleenthede te verskaf vir die verwesenliking van akademiese programuitkomste en NWU-graduandi-eienskappe.
- 4.1.2 Bewys te lewer van leersukses, vordering en aanspreeklikheid vir sertifisering van 'n program.
- 4.1.3 Die student deur die proses van leer te lei; dit staan bekend as Assessering vir Leer en sluit formatiewe en deurlopende vorme van assessering in wat ondersteun word deur konstruktiewe terugvoer aan studente.
- 4.1.4 Die omvang van leer wat plaasgevind het te bepaal; dit staan bekend as Assessering van Leer en sluit vorme van deurlopende en summatiewe assessering in.
- 4.1.5 Aan die student geleenthede te bied om oor sy/haar eie leer te besin, om eie leervordering te bepaal en om te verstaan hoe om inhoud en vaardighede die beste te bemeester. Dit staan bekend as Assessering as Leer (Aa) en sluit studente se besinning oor hul eie leer in.

4.2 Die NWU is daartoe verbind om by die volgende assesseringsbeginsels te hou:

- 4.2.1 Billikheid, wat onbevooroordeelde geleenthede vir alle studente impliseer om hul leer te demonstree; inklusief is die konteks van maatskaplike geregtigheid en gelykheid wat assesseringspraktyke impliseer wat spesifieke studente of groepe studente nie belemmer of onregverdig beoordeel nie;
- 4.2.2 Deursigtigheid, wat impliseer dat dit vir studente duidelik sal wees hoe hulle geassesseer gaan word, en op grond van welke kriteria. Die reëls en regulasies vir assesseringspraktyke, met inbegrip van die doel van assesserings, metode van assessering, en die berekening van punte, sal dus duidelik wees;
- 4.2.3 Geldigheid, wat impliseer in welke mate assessering akkuraat meet wat dit veronderstel is om te meet. Dit word bereik wanneer die assessering belyn is met uittreevlak-/module-/leeruitkomste en verwante assesseringskriteria;
- 4.2.4 Betroubaarheid, wat verwys na die mate waarin 'n assesseringsmetode of -instrument 'n konsekwente meetinstrument is onder soortgelyke assesseringsomstandighede. Assesserings behoort vergelykbare resultate te lewer indien konsekwente standaarde oor tyd en tussen verskillende studentegroepe en eksaminators geïmplementeer word;
- 4.2.5 Buigsaamheid, wat inagneming van die verskillende behoeftes van die studente betrokke by die assesseringsproses impliseer, sowel as 'n verskeidenheid assesseringsmetodes wat deur die loop van die leerproses aangewend word;
- 4.2.6 Integriteit, wat eerlikheid in alle akademiese werk en veral in assesseringskontekste impliseer, billikheid teenoor andere, dosente wat verantwoordelikheid neem vir die kwaliteit van onderrig, en studente vir hul verbintenis tot leer, en alle belanghebbers wat op 'n etiese wyse optree, ongeag hul rolle in die assesseringsproses;
- 4.2.7 Betekenisvolheid, wat die bevordering en inplanting van lewenslange vaardighede vir die 21ste-eeuse lewe en werk impliseer, en dat die assesseringstaak 'n duidelike doel anders as slegs dissiplinespesifieke kennisverwerwing het;
- 4.2.8 Volhoubaarheid, wat die ontwikkeling van gekontekstualiseerde hoërordevaardighede impliseer deur steierwerk van geskikte kennis en bevoegdhede, die skep van geleenthede vir die toepassing, oordrag, begrip en demonstrasie van kennis, waardes, houdings en vaardighede oor outentieke en werklike kontekste heen.
- 4.2.9 Sensitiwiteit vir taal wat impliseer dat sorg aan die dag gelê word om gepaste taal/tale vir assesserings te gebruik sodat taal nie vir sommige 'n hindernis en 'n voordeel vir ander is nie;

- 4.2.10 Assesseringsterugvoer en appèlprosedures is duidelik, akkuraat, konsekwent en toeganklik vir personeel, studente en eksterne eksaminators/moderators.
- 4.2.11 Belyning van assesserings van modules wat oor NWU-kampusse heen aangebied word, en in afstandsonderrig soos van toepassing.

4.3 Direktiewe vir Fakulteitsassesseringsplanne

In ooreenstemming met die NWU se Algemene Akademiese Reëls en bogenoemde assesseringsbeginsels, moet Fakulteitsassesseringsplanne die volgende in ag neem:

- 4.3.1 Assessering moet uitkomsgebaseerd wees, moet leer en prestasie ondersteun, en moet die meeste maak van pragmatiese en realistiese benaderings om die kwaliteit van assessering in alle aflewingsmodusse te verseker.
- 4.3.2 Assesseringsontwerp moet uitkomste, assesseringskriteria, onderrigstrategieë, leeraktiwiteite en assesseringsmetodes konstruktief belyn om studentesukses moontlik te maak.
- 4.3.3 Fakulteitsassesseringsplan en module-assesseringsplanne moet voorsiening maak vir 'n gepaste mengsel van assesseringsmetodes, -instrumente en -hulpmiddels wat geskik is vir die akademiese dissipline en die aard van die leeruitkomste wat geassesseer word, en wat pas by die aflewingsmodus van die modules van die program.
- 4.3.4 Fakulteitsassesseringsplanne moet deursigtig wees ten opsigte van assesseringspraktyke, en 'n strategie insluit om die assesseringskedule (indieningsgeleenthede, sperdatums, tweede geleenthede, ens.) en kriteria aan studente te kommunikeer, sowel as gewigstoekening van assesserings, merkrubrieke, puntetoekening en terugvoer wat studente leer moontlik maak.
- 4.3.5 Fakulteitsplanne moet prosedures uiteensit vir nasien volgens memorandum, met inagneming van die belyning van punte vir modules wat op verskillende kampusse aangebied en geassesseer word, digitale nasien, inter-nasiener-betroubaarheid, ens.
- 4.3.6 In ooreenstemming met die Beleid oor Akademiese Integriteit en die Beleid oor Studentedissipline moet Fakulteitsplanne duidelik wees oor die gevolge van akademiese oneerlikheid, en moet dit op 'n konsekwente en samehangende wyse toegepas word.
- 4.3.7 Fakulteitsassesseringsplanne moet prosedures, meganismes en ondersteuningstelsels wat aan studente en personeel beskikbaar is, uiteensit (byvoorbeeld voortdurende professionele ontwikkelingsgeleenthede vir dosente oor e-Assessering, en die eFundi-hulplyn vir studente met navrae), om te verseker dat assessering in 'n instaatstellende omgewing plaasvind.
- 4.3.8 Fakulteitsplanne moet vereis dat alle tipe assessering die verskaffing van tydige en konstruktiewe terugvoer aan en van studente insluit, aangesien hierdie kern akademiese proses 'n belangrike basis bied om gestalte te gee aan leer- en onderrigontwikkeling.
- 4.3.9 Waar toepaslik, moet terugvoer oor assesserings die vorm aanneem van inklusiewe geleenthede met studentedeelname in óf 'n kontak- óf aanlyn omgewing.
- 4.3.10 Fakulteitsassesseringsplanne moet interne en eksterne modereringsprosedures vir beide deurlopende assessering en eindeksamenassessering insluit, in ooreenstemming met die Algemene Akademiese Reëls en die Assesseringsbeginsels soos in afdeling 4.4.2 van hierdie Reëls.
- 4.3.11 Fakulteitsmodereringsbenaderings en -prosedures, vir interne sowel as eksterne moderering, moet ooreenstem met die Algemene Akademiese Reëls en die Assesseringsbeginsels soos in afdeling 4.4.2 van hierdie Reëls.
- 4.3.12 In ooreenstemming met die Algemene Akademiese Reëls moet Fakulteite prosedures vir geloofwaardigheid en die sekuriteit van assesserings in alle aflewingsmodusse verseker.

4.4 Gehaltebestuur van Assessering

- 4.4.1 Die gehalte van assessering is 'n integrale deel van die kwaliteitsversekerings- en kwaliteitbevorderingsprosesse by die NWU.
- 4.4.2 Kwaliteit van assessering word verseker deur verskeie regulatoriese dokumente en prosesse by die NWU, wat insluitend maar nie beperk is nie tot:
- 4.4.3 Die NWU OLA-beleid, OLA-reëls en die Algemene Akademiese Reëls;
- 4.4.4 Die jaarlikse ontwikkeling en implementering van Fakulteitsassesseringsplanne wat in lyn is met hierdie Reëls en met nasionale beleidsimperatiewe en kontekstuele vereistes;
- 4.4.5 Toepassing van streng interne en eksterne modereringsprosedures en -praktyke;
- 4.4.6 Konsekwente implementering van prosedures vir die ontwerp, goedkeuring, monitering en hersiening van assesseringsstrategieë;
- 4.4.7 Voldoening aan reëls en prosesse van die Senaatskomitee vir Akademiese Standaarde (SKAS) met betrekking tot assessering;
- 4.4.8 Interne en eksterne programevaluerings is meganismes om die gehalte van assesserings in die modules van akademiese programme te bevestig;
- 4.4.9 Deurlopende kapasiteitsontwikkelingsgeleenthede om dosente se assesseringsbevoegdheid te verbeter;
- 4.4.10 Deurlopende opleiding van studente ten opsigte van etiese akademiese gedrag ten opsigte van assessering om akademiese integriteit te bevorder;
- 4.4.11 Deurlopende hersiening en verbetering van assesseringspraktyke en ontwerpbeginsels van assesserings;
- 4.4.12 Doeltreffende en veilige data- en rekordbestuurstelsels om assesseringsbewyse, voorvalverslae en sekuriteitsprosedures oor alle assesseringspraktyke te behou, in stand te hou en by te werk;
- 4.4.13 'n Proses om veilige rekordhouding van alle assesserings (formatiewe, deurlopende en summatiewe assesserings in alle formate) te verseker vir 'n tydperk van minstens 3 jaar na die jaar van assessering.

5 Instaatstellende onderrig- en leerbenaderings

5.1 Oorkoepelende beginsels

- 5.1.1 'n Instaatstellende onderrig- en leeromgewing (OLO) verwys na beide fisiese en digitale ruimtes, platforms en oplossings.
- 5.1.2 'n Instaatstellende OLO word tot stand gebring deur holistiese en langtermyn strategiese beplanning.
- 5.1.3 'n Instaatstellende OLO aanvaar dat dosente sowel as studente werk gemaak het van versperrings tot digitale toegang.
- 5.1.4 'n Instaatstellende OLO verbeter toegang deur billike en toepaslike vervlegte OL-oplossings en in alle afleweringmodusse.
- 5.1.5 Die OLO is bevorderlik vir die fasilitering van transformatiewe leer en kritiese denke.
- 5.1.6 OLO's word verryk deur die integrasie en gebruik van geloofwaardige, onderrig- en leerhulpbronne van 'n hoë gehalte.
- 5.1.7 Die progressiewe, geïntegreerde ontwerp en ontwikkeling van instaatstellende, responsiewe en volhoubare onderrig- en leeromgewings, insluitende ruimtes, word gedryf deur 'n gekoördineerde instansiewye verbintenis en ondersteun deur gekoördineerde pogings deur proseseienaars en geassosieerde belanghebbers.
- 5.1.8 Die ontwerp en ontwikkeling van 'n instaatstellende OLO berus op navorsing en bewysgebaseerde opvoedkundige en dissiplinespesifieke praktyke.
- 5.1.9 Die OLO beïnvloed en is ingestel op die unieke leerbehoefte van individue, groepe studente, en die samewerking wat nodig is vir doeltreffende onderrig en leer.

5.2 Digitale transformasie van die OLO, tegnologie-verbeterde leer en tegnologie-aanvaarding.

- 5.2.1 Digitale Transformasie van OLO is gebaseer op 'n transformasie-strategie en ondersteun deur 'n implementeringsplan, hulpbronne en kapasiteit.
- 5.2.2 Digitale OL-transformasie het ten doel om die breër bedoeling van vervlegte leer soos gestel in die OL-strategie te verwesenlik.
- 5.2.3 Die OLO en sy geassosieerde OL-stelsels, tegnologie en praktyke hou by voorgeskrewe gehaltemaatreëls, standarde en riglyne.
- 5.2.4 Die OLO verken die sinergie tussen tegnologieë (hulpmiddels) en die kognitiewe prosesse geassosieer met leer.
- 5.2.5 Die OLO word in stand gehou deur ontwerp- en ontwikkelingsbehoefte-gedrewe kapasiteitsbouprogramme en verwante IKT-ondersteuning.
- 5.2.6 Virtuele en Fisiese OLO's is 'n respons op innoverende kurrikulumontwerpe wat van toepassing is op verskillende dissiplinêre kontekste.
- 5.2.7 Die buigsame ontwerp van die OLO:
 - 5.2.7.1 berus op innoverende opvoedkundige (pedagogiese) beginsels, innoverende tegnologie-aanvaarding, tegnologie-verbeterde onderrig en leer, en beste praktyke, met inagneming van infrastrukturele en IT-vereistes.
 - 5.2.7.2 strek oor 'n reeks ontwerpalternatiewe wat bevorderlik is vir onderrig en leer van hoë gehalte,
 - 5.2.7.3 verseker leerervaringe van vergelykbare gehalte ongeag afleweringmodus,
 - 5.2.7.4 gee aandag aan die uitdagings van ruimtelike en temporale skeiding,
 - 5.2.7.5 bied toegang tot voorkeur- en ondersteunde tegnologieë,
 - 5.2.7.6 bied toegang tot inligtingryk en interaktiewe OLO's en hulpbronne,
 - 5.2.7.7 inkorporeer instaatstellende ondersteuningstelsels wat toestande organiseer waarbinne dosente doeltreffend onderrig en studente die beste leer, en
 - 5.2.7.8 dra by tot betekenisvolle, responsiewe onderrig- en leerervaringe en onbelemmerde kommunikasie en samewerking.

5.3 Beplanning, ontwerp en ontwikkeling van onderrig-leer-hulpbronne en -aktiwiteite.

- 5.3.1 OL-hulpbronne en -aktiwiteite moet voldoen aan universele ontwerpbeginsels (Inklusief)
- 5.3.2 OL-hulpbronne en -aktiwiteite voldoen aan interne en eksterne kwaliteitsnorme, -standaarde en -praktyke met betrekking tot die afleweringmodus en die afleweringplatforms wat gebruik is.
- 5.3.3 OL-hulpbronne en aktiwiteite ondersteun hoëgehalte-onderrig- en leerervarings in alle afleweringmodusse.
- 5.3.4 OL-hulpbronne word ontwerp en ontwikkel om publikasie, berging, verspreiding en aflewering daarvan te optimaliseer (volle integrasie).
- 5.3.5 Voorgeskrewe en aanbevole OL-hulpbronne toon 'n balans tussen kwaliteit en kwantiteit.
- 5.3.6 OL-hulpbronne en -aktiwiteite ondersteun sowel formele as onafhanklike leerervarings.
- 5.3.7 Die ontwerp en ontwikkeling van OL-hulpbronne maak voorsiening vir herbenutting en heraanwending.
- 5.3.8 OL-hulpbronne, -planne en -ontwerpe word op 'n oordeelkundige wyse van dosent na dosent oorhandig in geval van dosentmobiliteit.
- 5.3.9 OL-hulpbronne en -aktiwiteite word aan die hand van 'n vooraf bepaalde hersieningsiklus hersien.
- 5.3.10 Alle OL-aktiwiteite moet by die gespesifiseerde veronderstelde ure hou.

6 Rolspelers wat verantwoordelik is vir die implementering van die Reëls

6.1 Rolspelers binne die studentekorps

Die student

Studente-ewekniementors

Aanvullende Onderrig-fasiliteerders

Verteenwoordigende Studenteraad

6.2 Rolspelers binne die akademiese omgewing

Die dosent

Die programleier & -koördineerder

Die vakleier & adjunkvakleier

Die Skool-/Navorsingsdirekteur en Adjunkskoordirekteure

Fakulteite se Onderrig- en Leerkomitees

Die Uitvoerende Dekaan of Adjunkdekaan Onderrig en Leer / Adjunkdekaan Navorsing en Innovasie, wat ook al relevant is

Eksterne eksaminators/moderators

Fakulteitseksamenkomitees

Fakulteitsrade

Programadvieskomitees

6.3 Rolspelers binne die ondersteuningsomgewing

Die Sentrum vir Onderrig en Leer

Die Eenheid vir Kwalifikasie- en Akademiese Programbeplanning

Programadministrateurs

Studenteberadingsdiens

Studentefinansies en Finansiesverwante Stelsels

Inwoning en Voedseldienste

Gemeenskapsbetrokkenheidskantoor

Kwaliteitsbevorderingskantoor

Biblioteek- en Inligtingsdienste

Eenheid vir Studente met Gestremdhede

Die Loopbaansentrum

Fasiliteitedepartement

Inligtingstechnologie

6.4 Rolspelers binne die bestuursomgewing

Die Senaatskomitee vir Akademiese Standaarde

Die Senaatskomitee vir Onderrig en Leer

Senaat

6.5 Toepaslike rolspelers van die industrie en die beroepe

Afhangende van die akademiese aanbod

Statutêre en niestatutêre liggame, soos relevant

Advieskomitees vir professionele kwalifikasies, soos relevant

7 Implementering, monitering en hersiening van die Reëls

Verantwoordelikheid vir die Reëls berus by die Adjunk-visekanselier: Onderrig en Leer.

Monitering van die implementering van die Reëls berus by elke Fakulteitsraad, onder voorsitterskap van die betrokke fakulteit se uitvoerende dekaan.

Die Onderrig-, Leer- en Assesseringsreëls moet elke tweede jaar hersien word.